

REDAKSIES

Pretoria-Maranata

Redaktrise: Linda de Vente
gdevente@global.co.za

Lede: Cornelia Kerkhoff,
Henriëtte Pouwels

Finansies: Erik Visser

Pretoria

Redaktrise: Carina Bijker
caad@absamail.co.za

Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Marius Bijker, Lieze Bron,
Eric Danielz, Willem de Jager,
Arjan van Houwelingen

Illustrasies: Alex van Houwelingen

Kaapstad

Redakteur: Sjirk Geerts
14160986@sun.ac.za

Lede: Marthie Breytenbach, Anja Luijk
Finansies: Albert Drijfhout

ADMINISTRASIE

Uitleg

Marlene de Vente
marlene@globalinsight.co.za

Administrasie

Administratief & finansies:
Hilda Middeljans

Ons hoop om **Die Olielamp**
11 keer per jaar uit te gee.
Hierdie uitgawe is ook
elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Redaksioneel

Laat die volgende jou prikkel; begin lees aan hierdie weereens oorvolle interessant-belaaide uitgawe... en wees geïnspireerd om trots op Christus te wees!

Iemand het 'n rukkie gelede opgemerk dat dit wonderlik is om 'n Christen te wees. Hoe voel ons daarvoor? Is ons trots op Christus, of is ons trotse Christene? Maar is dit ooit reg om 'n trotse Christen te wees, terwyl Christus alleen dit vir ons prestreer het? En wanneer is jy eintlik 'n Christen? As jy glo? As jy aktief is?

Ons behoort God se Woord en wil in elke aspek van ons lewe uit te dra. Ons word deur God ingeskakel om die verderf en verrotting van die aarde teen te werk! Die Here kom na ons toe deur sy Woord (beleef ons nog die krag van die Woord?) en Gees en beveel ons om te lewe volgens Sy wil. Dan verdwyn jou eie wil, ook as dit kom by *hoe* jy in jou beroep moet staan as Christen, hoe jy teenoor etiese kwessies moet staan...

En hoekom het 'n mens waardes en norme nodig, en hoe moet 'n mens jou Christelike waardes uitleef? En mag ons ooit negatief wees as ons weet dat Christus vir ons sondes gesterf het?

Op 'n ander trant kan ons meedeel dat ons tegniese span verander het. Arjan, baie dankie vir jou harde werk die afgelope tyd; Marlene, baie sterkte aan jou toegewens met die uitleg en ook die spelling: dankies vir jou woeste 'agter-die-skerms' werk!

Dankie aan almal wat so lojaal artikels skryf, ons het julle nodig ☺


Namens Pretoria: lekker lees,
Carina Bijker

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	2
Uit die Woord	3
Sprinkel sout en skakel aan jou lig!	3
Oppad	5
Hoe staan 'n mens as Christen t.o.v. eties moeilike kwessies in jou beroep .	5
Trotse Christene?	6
'n Trotse Christen?	7
Is jy 'n Christen?	9
Voel jy ook so?	11
Nee! vir negatiewiteit.....	11
Christelike waardes.....	12
Deur die sleutelgat	13
Voetspore	14
Nog iets	15
Wat beteken Jesus vir jou?	15
Blokraaisel	16

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is
5 Junie 2005



Wees op die uitkyk vir ons spesiale
Internasionale uitgawe
in Julie 2005!

Uit die Woord

Sprinkel sout en skakel aan jou lig!

Carike Byker

"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en mense vertrap dit. Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie, maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig só voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."
(Matt. 5:13-16)

Hierdie gedeelte is seker een van die bekendste dele in die Nuwe Testament. Daar is al baie oor gesê, geskryf en gepreek. Maar weet ons ooit nog wat dit beteken? Die gevaar met so 'n "oorbekende" teks is dat dit sy krag verloor. Verstaan ons nog regtig die boodskap wat Jesus ons hierdeur wil leer?

God gee in hierdie deel twee opdragte wat terselfdertyd ook eintlik bemoedigings is: "Julle is die sout vir die aarde" (v.13) en "Julle is die lig vir die wêreld" (v.14).

Hoekom sout?

Waarom kies Jesus juis die beeld van sout?

- Vroeër het die bewoners van eilande of gebiede waar geen sout was nie, met goud of ander kosbaarhede betaal vir 'n bietjie sout wat handelaars van ver gehad het.

- Met sout maak jy jou kos lekker. In die Bybel lees ons ook oor dié funksie: "Eet 'n mens smaaklose kos; kos sonder sout?" (Job 6:6)
- Sout keer ook dat voedsel bederf. Sonder sout raak vleis gou sleg. Ook in Lev. 2:13 lees ons dit: "Gooi sout by al jou graanoffers ..."
- Sout het ook 'n gesondmakende krag. Dit gee dikwels 'n spoedige genesing van 'n wond, al pyn dit eers vreeslik.
- By party Arabiese stamme is dit 'n gewoonte om pasgebore babas met sout in te vryf omdat dit ontsmet. Esegïel 16:4 verwys ook hierna: "En wat jou geboorte aangaan - die dag toe jy gebore is, ... is jy nie met sout ingevrywe of in doeke toegedraai nie."

Hieruit sien ons dan hoekom Jesus ons oproep om SOUT VIR DIE AARDE te wees. Ons word deur God ingeskakel om die verderf en verrotting van die aarde teen te werk. In die wêreld waar ons daagliks hoor van verskriklike geweld en misdaad, agteruitgang in die politiek en ekonomie en waar ons so dikwels gekonfronteer word met verkeerde, aardse dinge, is dit SO belangrik dat ons gewillig moet wees om dan as sout op te tree. Die Here wil ons gebruik om die aarde teen hierdie ontbinding en verderf te bewaar. Ons moet as sout werkzaam wees deur God se Woord getrou uit te dra in ons lewe en 'n voorbeeld te wees vir ander.



Moet jou nie deel maak van die verrotting nie

Die sout wat in die ou tyd gebruik is, kon wel sy krag verloor na 'n tyd, omdat dit met plant- of dierdele gemeng was. Sout wat met onsuiver bestanddele gemeng is, kan dus kragteloos word. Daarom moet ons oppas om nie vreemde bestanddele in ons lewensresep toe te laat nie. Ons moet juis die sout wees wat die verderf van die wêreld teëgaan en onself onbesmet van die wêreld bewaar. Maar hoe kry ons dit reg om sulke sout te wees? Met die hulp van die Vader, want ons is gedoop!

Laat jou liggie skyn!

Hierdie sinnetjie hoor ons almal al vandat ons baie klein is, maar besef ons nog hoe belangrik dit regtig is?

Die sonde maak alles donker.

Die sonde verstil die lewe.

En juis daarom kom Christus in die donker wêreld na ons toe met die veelbelowende woorde: "Ek is die Lig van die wêreld". Ons moet Sy lig terugkaats in hierdie wêreld, want die Vader word deur hierdie lig verheerlik.

In 'n donker lewe:

- Is die werke van duisternis die oorsaak van 'n lewe wat net aan eie begeertes wil toegee;
- Is daar moord, roof en verkragting;
- Is daar sondes van 'n ongeremde seksuele lewe en van hebsug;
- Is alles op eiebelang gerig;
- Is alles sonder God en sonder liefde;
- Kan die lig nie verdra word nie.

Gelukkig mag ons weet dat die Lig van God sterk en naby is. En daarom moet ons sy Lig wys regdeur die wêreld, soos 'n helder lamp wat op 'n staander gesit word sodat die hele omgewing verhelder. As ons vir Christus lewe, sal ons soos 'n lig wees; 'n lig wat vir ander wys hoe Christus is. Ons steek egter ons lig weg as ons:

- stilbly as ons veronderstel is om te praat;
- saam met die wêreldse stroom beweeg;
- ontken dat ons die Lig ontvang het;
- toelaat dat sonde ons lig laat verdof;
- nie vir ander vertel waar ons lig vandaan kom nie, en
- die behoeftes van ander ignoreer.

Ons moet soos 'n helder baken wees; soos 'n vuurtoring wat op die kuslyn 'n helder lig gee vir skepe of soos reflektors op fietse en motors.

'n Lewe in die lig is vol barmhartigheid, vrede, sagmoedigheid en reines van hart. Sekerlik kies ons dit dan bo 'n donker lewe!

Die kinders van God se Koninkryk werk dus voort waar die Here hulle geplaas het, soms deur stille invloed soos sout, ander kere weer openlik soos 'n helder lig. Soms vorm hulle 'n saamgeslote eenheid; 'n stad op 'n berg, wat saam God as enigste God verheerlik!

Bronne:

- Prof. Dr. E.P. Groenewald: Handboek Bybelse Geskiedenis; Die Nuwe Testament
- Preke van Ds. E.L. van't Foort
- Verklarende Bybel

Hoe staan 'n mens as Christen t.o.v. eties moeilike kwessies in jou beroep

D. Nicholson

Hierdie artikel beoog nie om ingewikkelde mediese of ander tegnologiese vraagstukke uit te pluus of te beantwoord nie, maar eerder om Bybelse beginsels daar te stel as riglyne.

Daar bestaan 'n neiging om menslike oorwegings in die bepaling van etiese riglyne in die huidige tyd sterk op die voorgrond te skuif. Daar word dan gepraat van dienslewering aan die medemens; 'n barmhartigheidsdiens. Menseregte word dan gestel bo die wil van God. Teen hierdie soort vermensliking van etiese kodes moet ons te alle tye waak. In die gebruik van nuwe tegniese ontwikkelinge al dan nie, en ook in die manier waarop 'n mens dit doen, blyk duidelik watter soort mens jy is: wil jy jou aan God se wet bind, of besluit jy op humanistiese wyse self wat mag en nie mag nie.

Die Christelike etiek ondersoek hoe die kind van God sy roeping binne al die gebiede waarin hy lewe realiseer. Ons moet wandel waardig die roeping waarmee ons geroep is (Ef. 4:1). In ons worsteling rondom etiese kwessies, is daar drie vrae wat ons moet vra en beantwoord:

- Is dit tot eer en verheerliking van God? (1 Kor. 10:31; Rom. 14:7,8)
- Is dit tot opbou van myself?
- Is dit tot voordeel van my naaste?

T.o.v. werksetiek geld dus soos in jou hele lewe, die liefdesbeginsel soos saamgevat in Matt. 22:37-39. My roeping is om orals en altyd God van harte te wil dien en my naaste lief te hê soos myself. Ons sou ook nog kon vra: Hoe heers ek oor die skepping wat God aan my toevertrou het?

Ons moet konsekwente Christene wees. Jou Christenskap kan nie na willekeur soos 'n elektriese skakelaar aan- of afgeskakel word nie. Jou Christenskap en jou alledaagse lewe is nie

twee langsmekaar - en nog minder teenoor-mekaarstaande - sake nie. Dus mag 'n Christen nooit sê: Besigheid is besigheid; kuns ter wille van kuns; los jou vroom praatjies - nou beoefen ons topsport en dan is wen teen elke prys 'n moet! Nee, in ons daaglikse werk en speel moet Christus ons Koning wees. Laat Hy deur sy Gees jou optrede bepaal.



In jou werk en jou omgang met jou naaste, hetsy werkgewer, werknemer(s), kliënt(e), ens. moet jy die lig van God se Woord laat skyn. Weereens, doen aan jou naaste soos jy aan jouself gedoen wil hê. Laat reg, billikheid en eerlikheid (om maar net 'n paar te noem) in jou optrede seëvier. As jy jou eie huis bou, sal jy tog nie te veel sand gebruik om koste te bespaar nie. Jy sal tog nie van jouself tyd steel of jou eie telefoon misbruik nie. So sal jy ook nie self die slagoffer wil wees van onbillike winsneming nie. Ef. 5:5 waarsku ons teen gierigheid wat afgodery is. Of gaan jy willens en wetens 'n produk koop wat voorgee om te wees wat dit nie is nie? Of sou jy wou hê dat 'n werknemer

van jou afskeepwerk doen omdat hy van sekere aspekte van sy werk nie hou nie? Daar is raad hiervoor. "En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie" (Kol. 3:23).

Somtyds vra my werk van my dinge wat indruis teen my Christelike beginsels. Werk is nooit belangriker as God nie, maar tog moet verantwoordelik daarmee omgegaan word. Die broodwinner kan nie net sy werk los nie. Soek wysheid by God. Hy beloof tog in sy Woord: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee" (Jak. 1:5). Om vrede te vind in so 'n situasie kan ernstige

worsteling voor die Here vra. Dalk wil die Here hê jy moet 'n getuie wees vir Hom. Dit kan selfverloëning kos. Watter besluit jy ookal moet neem, vertrou altyd op die Here. "God self het gesê: Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie" (Hebr. 13:5b).

Ten slotte, om besluite te neem wat in ooreenstemming met God se wil is, vra 'n diepgaande verhouding met Hom. Ons moet in nederigheid en afhanklikheid voor Hom lewe en vas glo dat Hy ons in die volle waarheid sal lei, indien ons bereid is om te volg.

Trotse Christene?

Axel Hagg

Proudly South African! Trots Suid-Afrikaans! Dis 'n kreet en kenteken wat ons baie op TV, radio en om ons heen sien en hoor. Dis lekker om 'n Suid-Afrikaner te wees! Dit spreek ons gevoel baie aan as buitelanders ons komplimenteer op ons land se ryk kultuur- en natuurêre nis. En as jy in die buiteland is, raak jy opgewonde en trots as jy 'n Suid-Afrikaanse vlag sien hang. Dan voel jy trots Suid-Afrikaans. Dit gee 'n gevoel van blydskap en satisfaksie. 'n Stukkie patriotisme is mos nie verkeerd nie, tog!?

Soms voel ons ook so as ons by die skool of universiteit as Christen uitstaan. Ons is trots om Christen te wees. 'n Gevoel van blydskap en satisfaksie kom ook dan in ons op. Ons behoort aan Jesus Christus en ons is trots daarop! 'n Stukkie christelike patriotisme is mos nie verkeerde nie, tog!?



Of is dit verkeerd? Praat die Bybel oor trotse christene? Was Abraham, Dawid en Paulus "trotse" gelowiges? In my voorbereiding vir hierdie artikel kon ek nie een teks vind wat iets positiefs oor die woordjie "trots" sê nie. Trotsheid en hoogmoedigheid (as ekstreme vorm van trotsheid) word regdeur die Skrif as 'n negatiewe saak afgekeur. Lees maar bv. Ps. 94:2; Jes. 2:12; 2 Tim. 3:2. Nêrens kon ek die term "trotse Christene" vind nie. En dit is nie sonder rede nie. Want trotsheid is iets wat in die menslike hart opkom. Dit is meestal 'n reaksie (in ons eie harte) op iets wat ons self presteer het. Dit is 'n gevoel dat ons iets behaal het a.g.v. die insette wat ons self gelewer het. Iets waarop ons nou MET REG trots mag wees.

Die feit is egter dat niemand van ons deur sy eie prestasie 'n Christen is nie. En ons handhaaf ook nie ons christenskap deur ons eie

gehoorsaamheid voor God nie. Om aan Christus, die Seun van God te mag behoort, is 'n saak van GENADE! Dit lê nie die klem op wie of wat ek is nie, maar wie God ons Vader in Jesus Christus is en wat Hy vir ons gedoen het. Ons behoort nie aan 'n aardse organisasie wat as Christene bekend staan nie en waarop ek trots kan wees dat ek daaraan behoort nie. God het ons deur die doop by Homself en by sy verbond, by sy koninkryk ingelyf, 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie.

Beteken dit dus nou dat ek nie meer 'n "trotse Christen" mag wees nie? Dat ek skaam-skaam deur die wêreld moet gaan en beskeie my christenskap vir myself moet hou? Nee, dit is nie wat die Skrif ons leer nie. Inteendeel, Matt. 5:14 sê dat ons die lig van die wêreld, 'n stad op 'n berg is wat nie weggesteek kan word nie. Ons behoort God se Woord in elke aspek van ons lewe uit te dra. Dit gebeur egter nie op 'n trotse manier, 'n manier waarop ek en my christenskap sentraal staan nie. God se eer word nie deur my gevoel en uitstraling van trotsheid bevorder nie, maar slegs deur die eenvoudige en beskeie deurvertel aan ander oor wie God is en wat sy wil is.

As ons wel trots wil wees, of wil roem, laat ons dan eerder in ons swakheid roem, sodat die krag van Christus in ons kan woon (2 Kor. 12:5,9). As ons "trotse Christene" wil wees, moet ons "trots" wees op ons swakheid: "Proudly weak!" Want in ons swakheid lê ons oorwinning, sê Paulus. Hy wil daardeur nie ons opgewondenheid vir God se koninkryk demp nie. Hy wil slegs ons entoesiasme stuur sodat dit op 'n realistiese manier op ons geestelike stryd gefokus mag word. Ons swakheid is slegs voordelig, as ons gees, gestuur deur die Heilige Gees, ons krag in Christus soek. Want Hy het ons swakheid in sy liggaam opgeneem en maak ons daardeur kragtig tot goeie werke, sodat ander dit kan raaksien en saam met ons God kan verheerlik. So is ons dan nie trotse Christene nie, maar dankbare en juigende Christene.

Want daar kan tye in ons lewe kom wanneer ons konkreet vanweë ons geloof vervolgd word. En dan kan dit gebeur dat ons nie meer so trots is dat ons Christene is nie. Dan is daardie menslike "christelik-patriotiese" gevoel nie meer daar nie, omdat ons swaarkry en ly. Maar juis in daardie vervolging, in daardie swakheid, mag ons steeds blymoedig en dankbaar die Here verheerlik. As ons dan as Christen ly, moet ons ons nie skaam nie, maar God verheerlik in daardie opsig (1 Pet. 4:16). Dan het ons deel aan Christus en sy lyde en mag ons bly wees, sodat ons ook *by die openbaring van sy heerlijkheid* met blydschap kan jubel (1 Pet. 4:13). En hierdie openbaring van sy heerlijkheid sal op die laaste dag gebeur as Christus terugkom. Op daardie dag sal elke trotsheid weggeneem word en ons sal as kerk gesamentlik

juig oor Christus se oorwinning. Dan kry EK nie 'n trotse gevoel in myself omdat EK 'n Christen is nie, maar dan juig ONS saam tot eer van God. En ons gejuig sal saamsmelt met dié van al die ware gelowiges as deel van die hemelse liturgie om Christus se glorie te besing.

Op daardie oomblik sal ons dan ook nie anders kan as om met al ons emosies en gevoelens ons te verheug in die oorwinning oor al ons geestelike vyande nie (Ps. 137:7-9). Dan sal ons deel hê aan God se wraak oor ons vyande en sal God se oorwinning ons oorwinning wees. Dan sal ons vreugde en roem in ons swakheid 'n volmaaktheid bereik en oorgaan in ons vreugde en roem in ons oorwinning. Ja, dan sal ons blydschap volkome wees (Joh. 16:24).

'n Trotse Christen?

Inleiding

Ek is gevra om 'n artikel te skryf oor die onderwerp 'Trotse Christene'. Maar is daar soiets soos 'n trotse Christen? Ek begin graag deur eers 'n stukkie uit Thomas A. Kempis se boek "Die Navolging van Christus" te siteer. Hierdie boek is buiten die Bybel die mees gelese boek. Die boek is in die middeleeue geskryf, en het geweldige invloed dwarsoor Europa gehad. Ek siteer:

*Die hoogste en nuttigste les is dit:
jousef waaragtig te ken en min te ag.
Groot en volmaakte wysheid is dit:
jousef as niks te beskou,
en van andere altyd 'n goeie en hoë dunk te hê.
Al sou jy ook iemand in openlike sonde betrap,
of andersins besig om swaar te misdryf,
beskou jou nog steeds nie as beter nie,
want min weet jy hoe lank jysel in die stand sal hou.
Ons algar is swak;
maar reken dat niemand swakker is nie as jy.¹*

Die Humanisme

Bogenoemde stuk is dwaasheid in die wêreld se oë! Ons leer presies die teenoorgestelde op universiteit en skool. Daar kom ons daagliks met die positiewe mensbeeld in aanraking. Daar hoor ons daagliks die woorde: 'Glo net in jousef en jou vermoëns en daar is geen limiet vir jou nie!' En nog veel meer soortgelyke woorde. Dit is die humanistiese siening van die mens. Die humanis glo in die mens, en glo sodoende dat elke mens oor die krag beskik om sy eie

probleme op te los, deur op die menslike rede en die Wetenskap te vertrou.¹ Ons leer op universiteite indien ons trots is op onself, ons menswees, ons persoonlikheid, dan sal ons al ons probleme kan oplos. In trotse mense is die toekoms geleë. So ook het Erasmus, soms die vader van die humaniste genoem, geleer dat die menslike rede die krag en lig van die mens is.²

Hoekom gebruik die Bybel die woord trots heeltyd negatief?

Die Bybel gebruik die woord trots nie een maal in 'n positiewe sin nie. Trots is vir God 'n slegte eienskap van die mens. God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee hy genade.³ Hoekom is God so teen trotse mense? Omdat in trots die wortel van alle kwaad geleë is. Indien iemand trots is op homself, dan getuig dit van vertroue in homself. Van 'n goeie denke van homself. Sodoende begin hy homself verhef. Om die rede sê Luther dat trots een van die tegnieke van die duiwel is om die mens weg te dryf van Christus⁴. Die duiwel laat ons trots voel, sodoende sien ons al hoe meer onself raak, en al hoe minder vir Christus. Dit is wat in die paradys gebeur het. Satan kom na die vrou en speel op haar eergevoel. Hy versoek haar deur haar 'n verhewe posisie gelyk aan God voor te stel.⁵ En die vrou en die man gryp na die kans

Trots is vir God
'n slegte eienskap van die mens

¹ David A. Noebel, Understanding the times, p.428

² Rudolf Van Reest, Dichterschap en Profetie, p.9

³ Jakobus 4:6

⁴ Morgan, R. J. 2000. *Nelson's complete book of stories, illustrations, and quotes* (electronic ed.) . Thomas Nelson Publishers: Nashville

⁵ Genesis 3:5

om aan God gelyk te word. Watter hoogmoed straal nie uit hierdie daad nie! Die mens durf om in opstand teen God te kom. Ons kan vra: waar kry die mens die moed vandaan om teen God in opstand te kom? Waar kry die moderne mens die moed vandaan om teen God in opstand te kom? Ons almal kry die krag om teen God in opstand te kom uit onself. Ons kry die krag in ons goeie denke van onself. Adam en Eva het gedink hulle kan soos God wees. Net so probeer ons almal vandag nog soos God wees. Ons wil self bepaal wat goed en sleg is. Ons wil nie afhanklik wees van God nie, ons wil self die krag hê om te doen net wat ons wil.

Het 'n Christen enige rede om trots op homself te wees?

Nee, selfs ons beste daad is met sonde beplek.⁶ Ons sondelas word met die dag swaarder. Ons kan dus geensins in onself roem nie. En indien ons gaan probeer om met 'n trotse nek regop te loop, gaan God ons baie gou tot op ons knieë dwing.⁷ Is jy trots op jouself wat so 'n goeie Christen is?

Die besef van ons eie kleinheid.

'n Trotse Christen fokus net op homself, en sy geloof. Maar dit is nie wat die Bybel ons leer nie. Die Bybel laat ons besef hoe klein en onmagtig ons is. Dit is baie nodig, want indien ons nie onself ken nie, kan ons nie God ken nie. Ons het nodig om te weet hoe swak en ellendig ons is om sodoende te besef hoe nodig ons God het. Maar ook, as ons nie God ken nie, kan ons nie onself ken nie.⁸ Ons het nodig om te weet hoe groot en magtig God is om te besef hoe klein ons is. Indien ons dit nie besef sal ons nooit die volle impak van ons sondes besef nie. Indien ons ons eie swakheid en God se grootheid ken, sal ons nooit kan trots wees op onself nie. Dan sal ons nederig wees. Want ons sal besef dat ons in alles totaal van God afhanklik is. God wil ook hê dat ons nederig is.⁹

Trots wees op die evangelie.

Maar ons mag trots wees, nie op onself maar op ons God. Ons mag trots wees op die evangelie.¹⁰ Dit is die beeld wat ons moet uitstraal. Nie 'n selfgesentreerde trotse beeld, waar ONS geloof sentraal staan nie. Nee, intendeel ons moet nederig, sonder skaamte, die evangelie van Christus verkondig aan die

hele wêreld! Ons kan trots wees op die evangelie, maar hierdie trotsheid moet ons tot nederigheid dwing. Die trots wat ons moet ervaar vir die evangelie val nie sommer uit die lug nie. Nee, dit is 'n groeiproses. Dit word gebore uit liefde. Net soos 'n vrou/man trots is op sy/haar eggenoot omdat sy/hy hom/haar liefhet. So moet ons trots wees op ons God. Ons moet roem in God omdat Hy ons verlos het uit liefde.¹¹ Sonder liefde gaan hierdie trotsheid / roem leeg wees. En sal dit weereens in 'n selfgesentreerde trotsheid ontaard.

Trotsheid en die selfgesentreerde mens

Postmodernisme word gekenmerk deur 'n baie sterk fokus op die individu. Hierdie stroming loods ook op ons 'n aanval uit ons eie harte. Ook ons wil baie maal die fokus vanaf God wegneem, en op onself plaas. Om te praat oor hoe ONS trotse Christene moet wees, beteken dat ons die fokus op onself plaas. Ons moet nie praat oor hoe gaan ek nou as 'n trotse Christen optree in hierdie wêreld nie. Nee, verskuif die fokus na God. Vra eerder, hoe kan ek God dien in my omgewing? Die antwoord van Christus is: deur God lief te hê met jou hele hart, jou hele siel, en al jou kragte, en om jou naaste lief te hê soos jouself.¹² Hoe het ons, ons naaste lief? Deur onself te verloën. Selfverloëning pas nie by 'n trotse Christen nie. Want selfverloëning kom voort uit 'n besef van eie onwaarde. En iemand wat trots is op SY geloof, besef nie sy eie slegtheid nie. Dus moenie probeer om 'n trotse Christen te wees nie, nee, verloën jouself in nederigheid.

Verskuif die fokus na God

Teenoor die humanis en satan mag ons sê: ons glo nie in die krag van die mens nie, maar in die krag van God. Nie in die krag van positiewe denke nie, maar in die krag van

gebed. Ons glo nie dat die mens enige grond in homself het waarop hy trots kan wees nie. 'n Christen kan slegs trots wees op sy God, en op die evangelie van genade.

Ek sluit hierdie stuk graag af met die volgende woorde van Paulus: Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.¹³

⁶ Heidelbergse Kategismus Vraag 8

⁷ Dan 4:37

⁸ Calvyn, Institusie boek 1, hoofstuk 1

⁹ 1 Petrus 5:5

¹⁰ Romeine 1:16

¹¹ Psalm 44:8,9

¹² Markus 12:33

¹³ Galasiërs 6:14

Is jy 'n Christen?

Elizabeth Aartsma

Wanneer is jy 'n Christen? As jy glo? As jy aktief is? As jy...

Waar is die kern?

Daar is beslis baie antwoorde op hierdie vraag wat iets goeds in het. Maar tog, wat is die kern? Wat is dit, wat jou diep in jou hart 'n Christen maak? Wanneer ons 'n stap terug neem, kry ons eers 'n ander vraag. As ons na Christus kyk vra ons onself af: Wat is dit, wat Hom die Christus maak? Hy het baie goeie dinge gedoen, nou ook nog, maar wat maak Hom nou presies Christus? Miskien is dit 'n vreemde vraag? Tog nie. 'n Naam wil tiperend wees, aandag trek, saamvat en dan mag 'n mens gerus nuuskierig wees.

Christus

Wat sê Jesus Christus oor sy Vader? En oor die wil van God waarvoor ons so baie sê, vra, twyfel, skryf, beweer en intrepreteer, sonder einde? Oor hierdie wil sê Christus: "En dit is die wil van Hom wat my gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Joh. 6:40). Is dit nie nou 'n bevrydende woord nie? Hoe die wil van God hom ook al vertoon in jou lewe, of dit hoog of diep gaan, Hy is voortdurend daarop gerig om jou te behou. So is God aanwesig in jou lewe. Al verstaan jy Hom nie, Hy is altyd daarmee besig sodat jy uit die graf mag opstaan in 'n nuwe bestaan. Iets om oor na te dink.

Tegelykertyd staan in hierdie kort formulier die kern waarom Jesus die Christus is. Hy is dit omdat die Vader se wil die rede is van sy koms en die vulling van sy hart en van sy tyd. "Ek is besig met die wil van My Vader". Watter wil? Om jou te behou!

"Christus"; dit is nie 'n baie deursigtige woord vir ons nie. Die Jode het Hom "Messias" genoem, om aan te dui dat Hy 'n baie besonderse kneg was, soos Moses, Aäron, Hiskia en Josia. Dienare wat beperk en sondig was. Maar daar sou Iemand kom, wat groot en magtig en so goed is, en wat Koning sal word. Om jou werklik te bevry van en te beskerm teen jou grootste vyand.

Christus beteken: "kneg van God". In diens van God. Heeldag staan Hy tou vir jou en vir my. Dit moet jy goed raaksien. As daar mense is wat met Hom wil praat, dan het Hy tyd, Hy nooi hulle saam huis toe, Hy is gasvry. Nikodémus

kom in die middel van die nag, maar dit is geen probleem nie. Met die Samaritaanse vrou raak Hy so verdiep in gesprek, dat Hy vergeet om te eet. As daar niemand is wat hul voete wil was nie, doen Hy dit. "Ek doen alles vir jou" is nie net sy boodskap nie, maar ook sy houding. Tot en met die kruishout toe.

Eet en drink

Om vol van God se wil te wees is om altyd bereid te wees om Sy wil te doen wat daar ook al mag gebeur. As dit is wat Hom die Christus maak vir ons, staan ons voor 'n allesomvattende vraag: Wil ons Hom so ontvang? Moenie te vinnig "ja, ja" sê, en intussen gewoon verder leef nie. Moenie dink "U doen maar, ek merk dit wel", sonder te veel inspanning of belangstelling nie. Dit kan nie. As Christus alles vir jou wil wees en alles vir jou wil doen vra Hy al jou aandag. "Jy moet My eet en drink" laat Hy op Sy vorige woorde volg. Opvallende woorde. Eet en drink, Hom? Hoe doen 'n mens dit? Ja, net soos jy 'n boek verslind byvoorbeeld. Jy leef jouself totaal en al in, en laat jou saamneem in die verhaal. Alles wat jy daarin teëkom is so 'n skittering dat alles regstreeks by jou binnekom. En wanneer jy die boek klaar gelees het, blaai jy terug en lees sommige gedeeltes weer, en weer. So moet jy My eet en drink bedoel Jesus. Lees, hoor, kyk en proe wie Ek is, hoe Ek gee, beskerm, red, help, met verrassende liefde. En dan ontdek jy dat jy Hom so heeltemaal kan ontvang: Sy lewe, Sy hart, Sy gees, Sy gesindheid. "Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag". (Joh. 6:54)

Christen word

So word jy 'n Christen. "Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal Hy wat My eet, ook deur My lewe" (Joh. 6:57). Gewoonlik bepaal jou ete jou vitaliteit, en nou in die besonder die ete van Christus. Jy word vervul van Hom, van Sy gesindheid, Sy bereidwilligheid, Sy vol wees van die wil van Sy Vader. Wanneer is jy 'n Christen? Wanneer jy oop staan vir die wil van jou Vader. Die wil wat nie ophou by jou nie, maar verder kyk: daar is meer mense om te behou. Hiervoor is verseker geloof nodig, maar ook dat jy jou wil inspan vir jou Vader. Maar die kern lê hier: om 'n kneg te wees, gereed te wees, om alles daarvoor oor te hê.

Daar is gelowige mense wat alles vir hulle Vader wil doen. Dit is baie mooi. Maar tog soek hulle die 'alles' nog self uit. Hulle wil alles doen wat hulself pas en dan ook tot 'n sekere hoogte. Maar 'n Christen word aangesteek deur die Gees van Christus. Hy staan met sy liefde gereed vir alles, ook die dinge wat hy nie uitgekies het nie. Hy is met liefde bereid om te doen wat hy liever nie sou wou doen nie. En hy wil van harte gee wat hy liever nie sou wou gegee het nie.

'n Christen is alert op die weg van Sy Vader: wie bring Hy vandag op my pad, wat kan ek vir die persoon beteken? 'n Christen hou ruimte in al sy planne, afsprake en (finansiële) verpligtinge, om op te merk wat veral nodig is. As jy totaal vassit in jou eie doel, is die gevaar groot dat jy met 'perdeklappe' op, nog maar net jou eie agenda sien. Rondom dit sien jy niemand meer nie, jy het nie tyd, aandag of moontlikhede nie. So word Christene in hierdie tyd aangeval. Uiteindelik doen jy vir God dit wat jy gekies het om vir Hom te doen, wat jy wil doen, op 'n moment wat jou pas, vir mense waarvan jou hou, in die kerk waarvan jy hou. Jy kan miskien so glo, maar so is jy geen Christen nie...

Jou lewe aan Christus wy

Meeste mense doen belydenis. Dan is daar die vraag: waarom? Daar is mooi antwoorde, baie entoesiasme, blydschap en vertroue. Ek is bly met 'n God op wie ek altyd kan reken, wat van my hou. Dit is mos pragtig?! Maar baie keer word die ander kant nie genoem nie. Dis goed dat jy altyd op God kan reken, maar kan Hy ook op jou reken? Wil jy dit beloop? Is jou ja-woord 'n belofte van toewyding, dat jy met jou hele lewe vir Hom daar wil wees, en vir die mense om jou heen? Wanneer dit jou pas of nie? Gee jy jou aan Sy wil oor om dit te doen? Wat ook al dit kos? Het jy al daarvoor nagedink? Is jy bereid om enigiets vir God te doen?

Dit is groot vrae. Maar daarin sit die kern van Christen-wees. God mag sê wat in my lewe moet gebeur. Toe Paulus op sy sandale deur die hele Turkye geloop het, is hy deur 'n droom gewenk deur iemand na Griekeland: "kom oor en help ons", waarop hy sy lang tog voort sit in Europa. God mog dit sê. Oral ontmoet die apostel vyandskap, is hy uitgelag, gegésel, opgesluit, gedreig met die dood, ens. Maar hy sit sy diens intussen voort. Hy het soos 'n skat in 'n erdepot gevoel (2 Kor. 4). Hierdie woorde tipeer die lewe van 'n Christen: dat jou toewyding aan God jou in verdrukking sal bring, in benoudheid, in gevangenskap, jy sal kwesbaar wees vir die geweld van die wêreld. Maar tegelykertyd sal jy innerlik sterk wees, veilig vir die Here, woorde sal aan jou gegee word, wysheid sal jy ontvang. Dit kan jy nie

kies nie, dit kom oor jou as jy bereid is om oral 'n Christen te wees, om iets van Christus deur te gee, wat ook al jou omgewing daarvan dink.

Vertaalde artikel van B. Luiten uit De Reformatie, jaargang 80.

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

Maarten Luther (3)

"Luther het die krag van die Woord verstaan. Daarin lê die diepste krag van die reformasie." ¹⁾

Wat verstaan ons vandag onder die krag van die Woord? Beleef ons nog die krag van die Woord? Of ons dit nou wil hê of nie, die Here, ons Vader, gebruik Sy Woord om ons te lei. Daarin beskryf hy vir ons die aanwysings tot ons eindbestemming: die ewige lewe. Die Here kom na ons toe deur sy Woord en Gees en beveel en roep ons om te lewe volgens Sy wil. Die krag daarvan gaan ook sover, dat dit ons daaraan herinner en beveel om Sy belofte van verlossing aan ander uit te dra.

Dit was net so in Luther se geval. Die Here het deur Sy Gees vir Luther die insig gegee om Sy Woord te verstaan. Daarin het Luther vir God self ontmoet. Daardeur bewerk God dit dat Luther Sy Woord ook na die mense kan bring, dat Hy ook tot ander persoonlik deur Sy Woord kan kom. So kom die Hervorming tot stand en dit is ook die basis van die Hervorming en die rede waarom dit bly voortleef het.

Maarten Luther gee dan ook op grond van die Woord struktuur aan die Hervorming. Luther laat verskeie werke, groot en klein, aan God se volk agter. Die belangrikste was seker die vertaling van die Bybel in Duits. Die taal wat die meeste mense in Duitsland verstaan het. Dit is net weereens 'n bewys dat God die taal van Sy kinders praat en dat Hy nie maar 'n veraf God is nie. So kan ook weer die krag van die Woord uitgeken word. Deur die Woord kan daar ook bely word dat ons dit glo. Deel van Luther se werke het dan ook belydenisskrifte bevat.

Die Here bereik almal deur Sy Woord. Selfs hooggeplaastes besef die waarheid daarvan, wat bydra tot die verdere werking en beskerming van die Reformasie. Deur hierdie reformasie in die kerk, mag ons ook vandag die krag van die Woord ervaar en God se persoonlike openbaring aan ons ten volle beleef.

1) 'n Aanhaling uit die boekie, Reformatie en Geschiedenis van dr. W. van't Spijker.

© Voel jy ook so?

Neel vir negatiewiteit

Lieze Bron

*"We may be able to bluff ourselves about God, but we cannot bluff God about ourselves."
Jack Penn, Kunstenaar*

Ons as Christene weet baie goed wat bogenoemde stelling behels. Veral die tweede deel. Maar is ons nie soms té bewus hiervan nie? Is dit nie besig om ons lewe te oorheers nie? Nou wil julle seker weet wat ek hierby bedoel?

Kom ons kyk na 'n paar feite: Adam en Eva het gesondig. Hulle verteenwoordig die mens. As gevolg hiervan is ons almal van nature sondig. Ons kan niks goeds doen uit onself nie. Ons weet dit almal. Maar weet ons dit nie dalk té goed nie? Ons is maar alte bewus van die hoeveelheid wat ons as mense tekort kom. Ons is baie bewus van wat die ideale lewe sou wees en dat ons nie die krag en goedheid het om so te kan lewe nie. Veral tydens Bybelstudie kom hierdie stelling gereeld na vore as 'n teenstelling.

Wat is baie opvallend van die artikel tot dusver? NEGATIWITEIT. 'n Mens sou maklik van so iets kon depressief raak. Eeue lank is die vraag al gestel: "Hoe kan ons gered word, want ons is so sondig?" God is tog regverdig en kan nie net al ons sondes so vergewe nie. In die paradys het God gesê dat almal wat in die sonde val, sekerlik sal doodgaan. God kan nie Sy plan verander nie, en ons **sal** gestraf word.

Nou gaan ons kyk na die positiewe sy van die saak. Christus het vir ons sondes gesterf. Nou **moet** ons die liefde van Christus uitstraal en selfs ons vyande liefkry. Ons is tog niks beter as hulle nie.

Ons as Christene het hoegenaamd niks om oor negatief te wees nie. God bestuur ons lewe. Wie is ons dan om ongelukkig te wees oor wat Hy besluit? Hoe kan ons meer positief lewe?

In die eerste plek kan ons meer positief raak oor kerkgang. Net so ook kan ons meer positief omgaan met die kerkmense. Soos ek reeds gesê het, niemand is beter as 'n ander nie. Ons moet 'n nederige houding inneem. Die mense in jou kerk is almal deel van een liggaam. Ons is broeders in die Gees. Selfs as dit kom by die skryf van geloofsartikels dan is dit meestal negatief.

Ons kan gerus meer positief raak oor ons geloof. Ons kan opstaan vir ons geloof en nie net stilbly nie. Ons moet ophou om ons swakhede as Christene, nl. die sonde, as 'n verskoning te gebruik. Daar is nie 'n slegter manier om jou geloof sleg te sê of af te breek nie. **Om jou geloof as 'n verskoning te gebruik is baie laag.** Die sonde oorheers nie alles nie.

*"How do the poor know God loves them unless someone comes and makes them feel precious?"
Ethel Normoyle, Non*

Christus het vir ons gesterf. Ons is niks werd en verdien niks in die lewe nie. Christus het ons maak tel. Hy het vir ons kom sê dat ons spesiaal is. Dit is hoogtyd dat ons besef waar alles vandaan kom en Wie dit vir ons gegee het. Deur dit te weet is daar geen rede om ooit met 'n dikbek rond te loop nie. Ons as uitverkorenes het al die redes in die wêreld om te lag. Staan in die oggend op en besluit: vandag gaan 'n lekker dag wees. Hoe kan ons dan as mense 'n negatiewe houding teenoor Hom hê?

Hoekom het 'n mens waardes en norme nodig? Hoekom kan 'n mens nie net lewe soos wat 'n mens wil nie? Hou ons in die daaglikse lewe genoeg rekening met die geweldige en verwoestende mag van die sonde? Besef ons regtig dat ons uit eie krag tot niks goeds in staat is nie? **Ten slotte, hoe moet 'n mens jou Christelike waardes uitleef?**

Nie persoonlike-, volk- of kerktradisies kan deurslaggewend wees as bepaal moet word of 'n daad goed of kwaad, reg of verkeerd is nie. Dit kan nuttig wees, maar per slot van rekening is dit uitsluitlik die Woord van God. Alleen God weet wat reg en verkeerd is, en Hy openbaar dit in Sy Woord. So, om 'n beter staanspoor in die lewe te kry, moet 'n mens **God se Woord uitleef in elke aspek van jou lewe.**

Vat dans as voorbeeld. Dans as sulks is nie verkeerd nie, maar daar is wel 'n paar belangrike aspekte wat deurgekyk moet word. Eerstens, wat is die situasie tussen die persone wat dans? Is dit man en vrou, is dit ou en meisie wat uitgaan (serieus) of is dit net om 'n jol te hê? **Dans** Wat die dans betref in die huwelik, gaan ek nie oor uitbrei nie. Wat is die doel van dans in die sin van 'n "jol"? Vas dans is intiem. Vas dans kan dinge en probleme veroorsaak. Op elke gelowige wat dans, rus 'n groot verantwoordelikheid om voor die aangesig van God te besluit of 'n bepaalde vorm van dans as goeie ontspanning beskou kan word en of dit in diens van die sonde staan.

Dobbelary. Die Bybel veroordeel dobbelary in sy geheel. Dit is die aantasting van die mens se vertrouwe op God. Die vertrouwe op God word ingeruil vir geluk. Ten tweede, God het uitsluitlik gesê dat die mens sal arbei en in die sweet van sy aangesig sal hy sy brood verdien. 'n Dobbelaar verdien nie wat hy kry nie, hy het nie gewerk daarvoor nie.

God het geld as 'n gawe gegee, m.a.w. geld is steeds nie **Geld** werklik ons eie eiendom nie, dit is bloot 'n middel wat daar vir ons gestel is om ons alledaagse dinge te doen. Die feit dat dit deur God vir ons gegee is beteken al klaar dat ons verantwoordelik daarmee moet omgaan, en dit nie moet verkwis nie. Geld word tog al te maklik verafgod. Mens dink altyd dat die lewe beter sou wees as mens maar net meer geld gehad het, maar dit kom wel met 'n groter

verantwoordelikheid. Meer geld maak nie altyd die lewe beter nie.

Jou persoonlike Bybelstudie behoort een van die belangrikste dinge in jou lewe te wees. Bybelstudie vermeerder jou kennis van God en Sy Almag. Kennis van God en Sy heilige Skrif baan tog mos die weg na die verlossing deur ons

Bybelstudie Here Jesus Christus? Jy groei dan ook in die geloof, en dan verstaan jy ook die diepere boodskap van die Bybel, nie net dit wat alleen maklik is om te verstaan nie (Heb. 5:13,14). Heb. 6:1 sê dat 'n mens volwasse moet raak in die geloof. Jou ouers het dit ook by die doop belowe, dat hulle jou sal leer aangaande die weg van Christus.

Toe God vir Adam en Eva klere van vel gegee het, in plaas van vye blare, sê net een ding: God wil hê dat die menslike liggaam vir die grootste gedeelte bedek moet wees. 1 Tim 2 : 9 "Van vroue wil ek hê dat hulle in hul kleredrag waardig, beskeie en ingetoë moet wees."

Kleredrag Here vereis van die gelowiges, en spesifiek die gelowige vroue, om hul liggame te bedek met skaflike kleding.

Skaamteloosheid word nie gevind by gelowiges nie, dit is die tred van die wêreld. God se kinders moet beskeie wees. Klere is die openbaring van 'n mens se karakter en persoonlikheid.

Rolprente is ook 'n gawe van God, hetsy in die teater, TV, video, ens. As dit reg gebruik word, kan dit tot eer van God strek.

Ongelukkig word dit meestal tot diens van die **Rolprente** sonde gebruik.

Die volgende kan as redes aangevoer word:

1. Ydelike gebruik van God se naam
2. Voorhuwelike geslagsgemeenskap
3. Naak tonele ens.

Die norm van die wêreld is dat dit alles aanvaarbaar is, bv. dat liefde en seks sinonieme is. Hoe meer 'n mens na sulke rolprente kyk, hoe meer beïnvloed dit 'n mens se persoonlike gedrag, optredes en waardes. Rolprente met hoë ouderdom beperkings is al klaar 'n goeie aanduiding dat dit nie 'n goeie rolprent is nie. As 'n mens 'n rolprent wil kyk, maak net eers seker of dit wel tot eer van God is of dat dit in diens van die sonde is.

Sondag is God se dag. Rusdag. God het die Sondag as rusdag ingestel omdat Hy ook vir ons die ewige rus verwerf het deur aan die kruis te sterf. Omdat Christus vir ons die ewige rus verwerf het, moet ons Hom ook op die rusdag as die Rusbringer verkondig, uit dankbaarheid vir ons verlossing. So dit wys nie net op die uiterlike rus waar ons een dag in die week al ons werk los nie, maar ook dat my sonde versoen is en ek vrede met God het deur ons Here Jesus Christus.

Sondag

Drank is ook 'n gawe van God. Hy veroordeel nie die matige gebruik daarvan nie. Christus het dan self die water in wyn laat verander. Wat egter wel 'n probleem is, is die oormatige gebruik van drank wat dronkenskap tot gevolg het. Dronkenskap word so erg veroordeel dat daar geskrywe staan dat geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie. Selfde met

Drank dwelmmiddels, as dit reg aangewend word, is dit nie 'n probleem nie, soos medisyne byvoorbeeld. Maar as dit in oormaat gebruik word, dan is dit skadelik vir die liggaam en gees, en dit sal jou ruineer. So word dit dan jou afgod. Van 'n gelowige word verwag dat hy homself beheers. 'n Mens moet jou perke ken.

Ten slotte, mense met wie jy omgaan. Soos die spreekwoord sê: jy word aan jou vriende geken. Gelowiges moet met gelowiges meng. Wanneer 'n mens met ongelowiges vriende is, dan word 'n mens te maklik beïnvloed vir die kwaad.

God is die enigste ware God, en hy het reëls en perke gestel met 'n doel. Om as ware Christen te lewe moet hierdie reëls nagevolg word en die perke moet nie oorskry word nie. JESUS CHRISTUS het vir ONS sondes gesterf aan die kruis, nou moet ONS dankbaarheid betoon.

Deur die sleutelgat

Geagte lesers,

Het julle al gehoor van die "Son"? Dit word deesdae so by ons kele af geforseer dat meeste van ons al die advertensies bemerk het. En dan lê die blad natuurlik reg voor jou by die kafee as jy vir jou 2 sakkies melk, 1 piesang en 3 uie betaal! Sekere mense kon dink dat die sleutelgat 'n "poniekoerant" is, maar dis absurd. Daar was nog nooit ponies in ons koerant nie en verder ook niks te make met perde nie. So as julle sulke goed wil lees, koop die Landbou Weekblad...

Genoeg onsin. Die eerste multilaterale interaksies onder die jeug het oor Paasweek plaasgevind. Toe die hele lot daar by die voet van Leeukop aankom, kom ons tot ons skok agter dat die helfte van die Wes Kaap dieselfde idee gehad het. Daar was tougestaan by die kettings en eintlik sommer die hele pad boontoe. Gelukkig het almal dit betyds gemaak. Perfekte weersomstandighede het bygedra tot 'n onvergeetlike aand. Die agteros kom ook in die kraal en so was dit ook met Elisabeth! Bo gekom was dit 'n geskarrel om plek te kry op die top om die sonsondergang te besigtig. Statistieke het getoon dat vir daai aand Leeukop die mees dig bevolkste area was buiten Hong Kong! Bo was die legendes in stap alreeds gevestig. Ons praat hier natuurlik van Appie, Johan en ons geliefde besoeker Andreas.

Eweskielik was daar 'n verblindende wit lig wat na nadere ondersoek afkomstig was van Siebe en Freddie. En ek praat nie van hul pogings om die sonsondergang af te neem met hul Nokia 756421's nie.

Die week studieverlof het plesier verskaf met 'n paar wat gaan ski het. Nee, dit sneeu nog nie hier nie hoor! Waterski dus. Bernard het "21" geword en ons moes dit natuurlik vier. Was vet pret met Siebe wat weereens van die geleentheid gebruik gemaak het om te braai. Antoinette het die vroulike geselskap verskaf met die ander dames wat vroeg huiswaarts gekeer het. Ek wil net van hierdie geleentheid gebruik maak om ons nuwe rekrute te verwelkom. Bernard, Freddie, Johan en Siebe (in alfabetiese volgorde). Mag julle die tyd hier geniet en dat julle suksesvol mag wees in julle onderskeie doele.

Soos ek praat breek die eerste storm uit hier in die Kaap. Ek moes drie keer in die kerk myself daarvan oortuig dat dit reën, want dit was 'n lang tyd gelede dat ek reën op die kerk se dak gehoor het. Mag die Here nog reën stuur, dit is soos manna uit die hemele.

"Na vele onderhandelinge het Winter die konflik met 'n oorwinning beëindig en Somer keer stert

tussen die bene terug na die ander kant van die Wêreld. En Winter brul van die lag." Dit nou 'n interessante beskrywing van die storm wat ek gehoor het. Alles is weer helder groen.

Groen of groentjies. Hulle bekla hul lot. Daar word nie genoeg oor hulle geskryf in die sleutelgat nie... Wel dit kan verskillende oorsake hê. Miskien is julle net te stil of te onopvallend, alhoewel ek al sekeres van julle

vasgepen het. Ek sal hierdie keer solank een persoon vermeld. Ons grootste hoop vir Pop Idols hierdie jaar is **Annelie** van Rooyen, askies, van der Hout. Van hierdie stil meisie word daar groot dinge verwag. So, hou die pers dop!

Totsiens en mag die winter verligting bring. Adios!



Voetspore

Goeiedag maatjies

Hier is die nuusbuletin van die jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk van Suid Afrika (Gauteng area, maar vir hierdie uitgawe gaan dit in feite oor ongeveer die hele Suid Afrika), verstrek deur die Nasionale Nuus Span.

Soos dit gebruiklik is in ons skone land, was daar weer 'n vakansie aan die einde van die kwartaal. Dit het, soos ook die gebruik is, geval in Maart. En waar daar vorige jaar 'n Groot Trek was van Gauteng na die Kaap, was daar hierdie jaar weer 'n trektog, maar net in die teenoorgestelde rigting.

Die tydelike migrasie het natuurlik vir 'n paar sosiale byeenkomste gesorg! Veral met die klimaks van die aankomste, die Donderdag voor Goeie Vrydag. 'n Groot groep jeug, met onder andere 'n klomp Kaapstedelinge, of Bellvilliete, het na Jakkie Louw gaan kyk by Maloney's. Ondanks die feit dat Annamarie (sy is 'n Kuilsriviernimf) en Hester pryse gewen het vir "Fan van die aand", het 'n paar ander mense, soos Jan Gerryt (wat wel baie hou van Kurt Darren) gedink hy is redelik Yucky Low-budget. Maar oor die algemeen gesien was dit wel gesellig.

Ten tye van al hierdie dinge was daar 'n klomp mense (Men Only) na die Kruger Nasionale Park. Dit was blykbaar nogals heel lekker, maar ons navorsingspan beweer dat Hendrik sy persoonlike stilblyrekord gebreek het (van 4.235 minute na 5.06 minute). Baie geluk, Hendrik!

Een aand het die jeug na Ronald gegaan. Sy ouers was naamlik in Nederland, en soos hulle in dié land sê: "als de kat van huis is, dansen de muizen". Hierdie keer was daar net baie muise. Willem de Jager en Johan het probeer offshow met hulle fenomenale dart-skills, maar op die ou end kon niemand Ronald wen nie. Dit veral te danke aan sy kollosale arms (verryk met yster en ander metale), want hy kan as 't ware die dart inprik vanaf die ADAA (American Darts Association of America) goedgekeurde afstand.

Alhoewel die Kaap die toerisme in Pretoria oorheers het, was daar ook 'n sekere Jolene uit Kanada hier. Sy is inmiddels ook alweer weg, maar almal sal haar seker onthou as die persoon wat so vinnig praat. Sy het baie belangstelling uitgelok, en vele jeuglede was supergeïnteresseerd in haar native country, veral na die hoeveelheid perde wat daar hul bestaan maak.

Nadat almal weer weggegaan het, het daar een gesig oorgebly, en dit is naamlik die bekende gesig (gevrees deur vele) van Ewart. Baie welkom. Mag u wysheid die nederige Pretorianers positief beïnvloed.

Daar is 'n paar aktiwiteite in wording, maar daarvoor 'n volgende keer. Tot weersiens

*Antwoord van Blokraaisel op bladsy 16
Samuel*

Nog iets

Wat beteken Jesus vir jou?


- Vir die *Kunstenaar* is Hy die *Skilder*
Vir die *Argitek* is Hy die *Hoeksteen*
Vir die **Bakker** is Hy die **Brood van die Lewe**
Vir die **Bankier** is Hy die **Skat in die hemel**
Vir die **Bioloog** is Hy die **Lewe**
Vir die **BOUER** is Hy die **FONDASIE**
Vir die *Dokter* is Hy die *Groot Geneesheer*
Vir die **Onderwyser** is Hy die **Leermeester**
Vir die **Boer** is Hy die **Saaiër**
Vir die *Bloemiste* is Hy die *Roos van Saxon en Lelie van die veld*
Vir die **Geoloog** is Hy die **Rots van alle tye**
Vir die **Wynboer** is Hy die **Wynstok**
Vir die **Regter** is Hy die **Regverdige**
Vir die **Jurie** is Hy die **Getroue en ware Getuie**
Vir die *Juwelier* is Hy die *Pêrel van onskatbare waarde*
Vir die **Advokaat** is Hy die **Wetgewer en Raadsman**
Vir die **Joernalis** is Hy die **Goeie nuus**
Vir die **Filosoof** is Hy die **Waarheid**
Vir die **Prediker** is Hy die **Woord van God**
Vir die **Dienskneg** is Hy die **Goeie Heer**
Vir die **STAATSMAN** is Hy die **KONING VAN ALLE NASIES**
Vir die **Student** is Hy die **Kennis**
Vir die *Akteur* is Hy die *Regisseur*
Vir die **Teoloog** is Hy die **Begin en Voleinder van geloof**
Vir die **Sondaar** is Hy die **Lam van God wat alle sondes wegneem**
Vir die *Kerk* is Hy die *Hoof* en
Vir die **CHRISTEN** is Hy die **messias en seun van god**

Blokkraai Sel

Kies die regte antwoord uit een van die moontlikhede. Skryf daardie letters van die antwoorde waaruit gekies is onderaan in volgorde om 'n naam te vorm van 'n profeet in die Ou Testament.

1. *Watter nuus het aanleiding gegee tot Eli se dood?*
 - q) Die oorlog teen die Filistyne
 - r) Sy stoel wat gebreek het
 - s) Sy twee seuns se dood / die ark wat buitgemaak is
2. *Wie het gesê: "Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie" ? (Joh. 19:6)*
 - a) Pontius Pilatus
 - b) Herodes
 - c) Kajafas
3. *Waar is die tent van samekoms opgerig met die aankoms van die volk Israel in Kanaän? (Jos. 18:1)*
 - l) Jerusalem
 - m) Silo
 - n) Betlehem
4. *Wie was die jongste koning wat oor Juda geregeer het? (2 Kron. 24 : 1)*
 - u) Joas
 - v) Josia
 - w) Joram
5. *Wie was Naomi se twee seuns? (Rut 1:2)*
 - e) Maglon en Kiljon
 - f) Jehudit en Basemat
 - g) Hofni en Pinehas
6. *Wat was die eerste ding wat die blinde man van Betsaida gesien het nadat hy genees is? (Mark. 8: 24)*
 - k) Bome
 - l) Mense wat soos bome rondloop
 - m) Mense in die bome

Antwoord is elders in die uitgawe



Verjaarsdae

1

Bethal

Charl Coetzee	7-Jun
Toinette Coetzee	23-Jun

Johannesburg

Marcia Anholts	12-May
Elisabeth Seijdlitz	28-May
Anneke Eefing	31-May
Max Boessenkool	20-Jun

Kaapstad

Elise Geerts	5-May
Erik-Jan Moes	16-May
Nicolette du Plessis	6-Jun
Marcel du Plessis	19-Jun

Maranata

Berend de Jager	3-May
Irmarië Bosman	11-May
Monika Kampman	12-May
Arnold van den Bout	27-May
Marlene de Vente	5-Jun
Marie-Louise van den Bout	14-Jun
Roelanie de Geus	22-Jun
Johannes Kerkhoff	27-Jun

Pretoria

Wieger van der Veen	3-May
Frans Hagg	11-May
Jacqueline Zielman	12-May
Naomi Brown	15-May
Willemien Kleyn	15-May
Willem de Jager	3-Jun
Lieze Bron	9-Jun
Marius Bijker	9-Jun
Gerrit Bron	11-Jun
Mariette Bron	11-Jun
Charlene Danielz	23-Jun